

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

**Tema: Onderskeiding en wysheid**

**Skriflesing: Lukas 21:5-19**

### Lied 530

Praat ek mense-, eng'letale,  
maar dis nie uit liefde nie,  
is my woorde hol simbole -  
klanke sonder melodie.

Al kan ek geheime uitlê,  
berge deur geloof versit,  
of al het ek al die kennis -  
sonder liefde is ek niks.

Al die tale, profesieë,  
met die tyd gaan dit verby.

Net die liefde, die volmaakte,  
kom en sal vir altyd bly.

Want geloof gee troos en rigting;  
na die toekoms reik die hoop -

liefde is en bly die grootste:

Liefde sluit die lewe oop.

### Broodjies vir die pad

"There is neither happiness nor misery in the world; there is only the comparison of one state with another, nothing more. He who has felt the deepest grief is best able to experience supreme happiness. We must have felt what it is to die, Morrel, that we may appreciate the enjoyments of life.

"Live, then, and be happy, beloved children of my heart, and never forget, that until the day God will deign to reveal the future to man, all human wisdom is contained in these two words, "Wait and Hope."

— Alexandre Dumas

"Any fool can know. The point is to understand."

— Albert Einstein

"I believe that what we become depends on what our fathers teach us at odd moments, when they aren't trying to teach us. We are formed by little scraps of wisdom."

— Umberto Eco, Foucault's Pendulum



### Die laaste dans van Jaco Botha

Etienne van Heerden

*In memoriam*  
2016-10-21

Van sy generasie skrywers was Jaco Botha die voorste stilis. Hy't met sy beste werk meedoënlose prosa geskryf.

Vir my begin skryftalent met 'n manier van kyk na die wêreld. Hoedat die talentvolle skrywer dinge sien wat ander mense met meer konvensionele blikhoeke nie sien nie. Die talentvolle skrywer kyk anders, en vertaal wat hy sien na woorde, en skep sodoende 'n eie, kenmerkende wêreld. Só dat mens kan sê: Daardie skrywer het 'n eie stem. In sy verhale kom 'n wêreld tot stand waaroor hy sy naam kan skrywe.

In Jaco se geval is dit nie soseer 'n eksentrieke blik nie. Dit sou veels te gesellig wees om sy blik op die lewe só te beskryf. Dit was eerder 'n seer kyk, en meer dikwels 'n desperate siening van die mens in sy gestrooptheid.

Dis kyk sonder 'n skil op die oog. Kyk as straf. Die stipste blik van sy generasie.

In die verhaal "Sweisbril" uit sy gelyknamige bundel haal 'n man sy sweisbril af en kyk in die oog van die son in totdat hy blind is.

Dis 'n lang, gedwonge en oplaas verwoestende kyk.

Daardie manier van kyk was Jack, soos ek hom genoem het, se talent.

Toe hy as Skeppende Skryfwerk-student sy eerste stuk prosa na my gebring het, het ek hom onmiddellik verwys na 'n ewe desperate gees, die Amerikaner Raymond Carver. Dit was 'n berekende risiko, maar Jack, kant nog wal, het 'n tuiskoms nodig gehad.

As kunstenaar moes hy moontlikhede sien wat na my gevoel op daardie stadium waarskynlik was.

Dit was vir hom 'n bepalende en inspirerende ontdekking. Hy't as normaalweg stadige leser Carver se "Where I'm calling from" blitsig verslind, met weens sy gesigsgebrek daardie kenmerkende leeshouding van hom: skuinsweg, een wang wat byna teen die bladsy skuur, asof hy deur 'n vergrootglas kyk.

Asof hy die boek bekruipt.

Nadat hy die teks geles het, het ons baie gesels oor hoe hy 'n eie stem kon vind, en hoedat hy by Carver kon leer, maar terselfdertyd van die groot skaduwee wat die Amerikaner gooi, kon wegskryf.

Hy kon myns insiens daarin slaag.

As kortverhaalskrywer, met die meer gefokuste doek om op te skep as wat dit die geval met die roman is, was hy op sy skerpste. Die roman het vir sy manier van kyk te breed geraak, te wyd. Te langasem, en miskien te bourgeois.

Maar in sy kortverhale is hy op sy stipste beste. Dis verhale wat tydens die lees by jou inbrand.

Ek sal die toneel nie vergeet nie. Jaco, gehurk op die badkamervloer, hier by my aan huis, een laatnag. Hy huil hartverskeurend en voor hom op die vloer is 'n poeltjie trane.

"Ek het nooit geweet traankliere kan soveel water produseer nie," het ek hom agterna vertel. Hy hurk daar, gebuig oor die poeletjie op die badkamerteëls, asof hy diep inkyk in die Groot Verdriet.

Jaco, wat tien persent visie gehad het, se bynaam by die Pionierskool op Worcester was Tien.

Nie verniet dat "Tien" rym met "sien" nie.

Jaco het skerper en meer gesien as die meeste siendes.

Dit was 'n ongemaklike blik, en hy't baie mense ongemaklik gemaak. Ook in vriendskapsverband kon hy blind indonner waar hy eerder moes wegbly. Maar dit was Jack. Om te ontsetel was vir hom 'n opdrag.

So intens was sy blik, kom dit by my op nadat ek van sy selfdood gehoor het, dat hy dwarsdeur die oog van die galg gekyk het.

Dit was sy laaste dans, daar aan die selfdoodtou in Knysna.

Gedryf deur depressie en sy stryd om sonder sy pille klaar te kom sodat hy kon bly skryf.

Ek kan nie dink dat so 'n woelgees in vrede kan rus nie. Hy gaan die engele ontstig met daardie sardoniese blik van hom, daarvan is ek oortuig.

Jack, die lewe is 'n fokker.

Maar die dood is 'n bliksem.

Bly kyk, Tien.

<http://www.litnet.co.za/die-laaste-dans-van-jaco-botha/>



## Sweisbril

Jaco Botha

Aanvanklik nie oog tot oog gesien nie, jy en ek. Toe later jou leer peil met jou tien persent sig, jou teenaanstaan om 'n woord of klank te verstaan. Eers onrusstoker, later vredemaker wanneer vriende knaks raak met elkander. Nou kyk ek terug na jou, ons eie Carver, lees 'n e-pos versend twee weke gelede en wis toé nie hoe daardie riviere waaroor jy skryf, jou sou insluk: Acheron, rivier van pyn, na Cocytus, die rivier van blinde lamentsie. Uiteindelik tot by Lethe, die rivier van die groot-groot vergeet. Maar hier sal ek bly onthou van daardie man met die sweisbril, wat inkyk tot by die Onsienlike in.

Joan Hambidge

<http://www.litnet.co.za/sweisbril/>



"Man is a mystery. It needs to be unravelled, and if you spend your whole life unravelling it, don't say that you've wasted time. I am studying that mystery because I want to be a human being."

— Fyodor Dostoyevsky

"Keep me away from the wisdom which does not cry, the philosophy which does not laugh and the greatness which does not bow before children."

— Kahlil Gibran, *Mirrors of the Soul*

## Brood vir die pad

### Oor inkeer - só swaar, só salig, só eenvoudig

Hoe swaar is dit tog om tot inkeer te kom? In die politiek, openbare lewe, kerk, ons verhoudinge? Hoe bitter om doodloopstrate te erken? Dat dinge nie reg was nie? Insluitende ons vergeefse, ja, dwase vernet daarteen? Ons ontkenning, wegsteek en voorgee? Ons leuens, bedrog en misleiding – ook van onself?

En tog. Soms kom daar oomblikke waarin alles helder word, wanneer dinge nie verder so kán voortduur nie, wanneer die sweer oopbars.

Soms is dit openbare onthullings, soms krisisse in verhoudinge, soms die oorweldigende teenwoordigheid van iets soveel gróters.

In dié dae word die Hervorming wêreldwyd herdenk.

Volgende jaar is dit 500 jaar sedert Luther se opspraakwekkende 95 stellings – wat van begin tot einde oor inkeer handel. Die hele geskiedenis is 'n bydrae tot 'n debat oor die vraag hoe inkeer eintlik plaasvind. Die eerste stelling sê die Here Jesus, met sy woorde dat ons tot inkeer moet kom omdat die koninkryk naby gekom het, verwys nié na wat in die destydse kerk beskou is as inkeer – berou, boete, bieg, betaal van bydraes – nie, maar na innerlike inkeer, wat sigbaar word in 'n nuwe lewe van liefde en omgee vir dié in nood en ellende.

Die res van die stellings spel dit breedvoerig uit. Die koninkryk wat naby gekom het, is Jesus self, sý genadige, liefdevolle, bevrydende nabyheid.

Wanneer die Nederlandse etikus Gerrit de Kruijff hoor dat hy sterwend is, bring die nabye dood soortgelyke gedagtes. Alles word vir hom helderder, eenvoudiger, genadiger.

Inkeer word moontlik, 'n terugkeer na eenvoudige prioriteite, beskryf in sy ontroerende *De Dood van Dichterbij*. In wat hy noem "mijn laatste preek misschien", onthou hy ook dié woorde van Jesus.

Wat beteken tot inkeer kom? vra hy, en sê dis só eenvoudig. Inkeer is nié meer onder die indruk wees van mag nie maar van reg, nié langer onder die indruk van tradisies en gewoontes nie maar van menslikheid. Dis onthou dat genesing áltyd goed is, ook op die Sabbat (en dus: dat genade teenoor medemenslike méér is as vasklou aan wette en voorskrifte en tekste en bepalinge), dat gasvryheid áltyd goed is, ook as dit om melaatses gaan (en dus: dat genadige verwelkoming en omhelsing van hulle wat so maklik vermy en verwerp word, méér is as vasklou aan vooroordeel en uitsluiting).

Oor 2 000 jaar het daar net te veel bygekom, skryf hy, te veel aangegroei, is alles te ingewikkeld gemaak, te swaar, te vermoeiend. Inkeer is terugkeer na wat helder en eenvoudig is, bevrydend, genadig, liefdevol, na die begin, van vóór af, núút, góéie nuus. - DJS.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/djs-oor-inkeer-so-swaar-so-salig-so-eenvoudig-20161105>



## Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor*

*ubi caritas, Deus ibi est.*